Kurrikulum Direktoraat: AOO			LESPLAN
Vak	**Afrikaans HT**	**Kwartaal**	**1**
Graad	**4**	**Week**	**1**
Aanbeveling	➢ Voer informele, gestandaardiseerde basislynassessering en -oriëntering gedurende die eerste 3 dae van die kwartaal in Week 1 (Dag 1 tot 3) uit. ➢ Die data kan dan gebruik word om leergapings te identifiseer. ➢ Hierdie inligting kan dan gebruik word om daaropvolgende onderrig- en leeraktiwiteite in te lig.		
Skakel met onderrig–en assesseringsplan	***Luister & Praat**: Bespreek advertensie, teken kern en ondersteunende idees aan deur notas te maak. Deel idees en ervarings en wys begrip van konsepte. Identifiseer oorredende/manipulerende tegnieke en beantwoord vrae oor teks.* ***Lees:** Lees, bespreek en interpreteer advertensies, lewer kommentaar/druk gevoelens uit.* ***Skryf**: Beplan en ontwerp advertensie/plakkaat met gepaste uitleg, toepaslike taal en woordeskat.* ***Taalstrukture en Konvensies:** Verlede Tyd*		
Inleiding	***TEMA: ADVERTENSIES/PLAKKATE – TERUG SKOOL TOE!*** • *Aktiveer voorkennis, bespreek gunsteling advertesie en rede vir keuse. Stel lesdoel bekend. Bespreek doel van advertensies in samelewing.* • *Voorspel inhoud van teks na aanleiding van titel en visuele leidrade.*		
Konsolidasie	• *Aktiwiteite vir vaslegging van vaardighede en begrippe* • *Skakel met lesdoelstellings; doen hersiening en konsolidasie in opvolglesse.*		
Papiergebaseerde bronne: ▪Flitskaarte met woordeskat ▪Tekskenmerke ▪Werkkaart met vrae ▪Woordeboek ▪Advertensies - tydskrifte		**Digitale bronne:** https://wcedeportal.co.za/curriculum-supporthttps://wcedeportal.co.za/partners/#103031 KENMERKE VAN N ADVERTENSIEppt.ppt **Taalfokus**: Verlede Tyd https://www.youtube.com/watch?v=exnC8M8LaOE	
AKTIWITEITE VIR DIE ONDERWYSER	**VAARDIGHEDE** **(WAT ek gaan onderrig / begelei / ondersteun ...)**	**ONDERRIGMETODOLOGIË / BENADERING** **(HOE ek gaan onderrig / begelei / ondersteun ...)**	**Hulpbronne / LOOM** **(WAT ek gaan gebruik om te onderrig / begelei / ondersteun ...)**
	Luister en Praat *Slegs die leser het die storie.* ***Volg die luisterproses**: Pre-, gedurende en postluister.* ***Aktiveer voorafkennis*** *Bespreek die inhoud van storie.* *▪Maak voorspellings na aanleiding van die titel en prente* *▪Neem notas en teken relevante inligting aan* *▪Beantwoord letterlike vrae* *▪Hervertel die storie* *▪Maak notas terwyl na voorlesing luister om die inligting op te som.* *▪Onderrig eers hoe om notas te maak.*	**Luister *en Praat:*** *Advertensie* ***Bron**: Internet* Toughees (Skoolskoene) ***Pre-luister:*** Aktiveer voorkennis en bespreek die advertensie n.a.v. wat jy sien, wat jy dink, waaroor jy wonder en hoe jy voel as jy na advertensie kyk. ***Gesprekvoering:*** Leerder bestudeer plakkaat en evalueer dit aan die hand van die ABBA-beginsel. Bespreek en vra letterlike vrae oor die plakkaat, doel en teikenmark. Deel idees en	Advertensie: Toughees (Skoolskoene)

	Elke les het 'n lesdoel.	ervarings en toon begrip vir konsepte. Bespreek oorreden-de/manipulerende taal. ***Post luister:*** Leerders evalueer teks aan die hand van die ABBA-beginsel en beantoord vragies mondelings/skriftelik.	
	Lees en Kyk ***Volg die leesproses:*** Pre-, gedurende en postlees. ***Aktiveer voorafkennis*** *Vra vrae binne leerders se ervaringsveld om as aanknopings- punt vir die teks te dien.* ***Werk met woorde en ontwikkel woordeskat*** *Onderwyser/leerder identifiseer nuwe uitdagende woorde en onderstreep/skryf. Verduidelik en bespreek moeilike woordeskat in konteks* ***Elke les het 'n lesdoel.*** *Wat wil jy graag weet? Waarom gaan jy die teks lees? Die leesdoel bepaal watter leesstrategie gebruik gaan word.*	**Lees & Kyk: -** *Advertensie* ***Bron:*** *Internet* ***BIC****-Skryfbehoeftes* ***Pre-lees:*** Vluglees (algemene idee). Bespreek visuele komponente - beskryf wat jy sien, wat jy dink en hoe jy voel. Soeklees (spesifieke inligting). Bespreek tekskenmerke en vereistes vir goeie advertensie. Onderstreep moeilike woorde. Bespreek woordeskat(konteks) ***Gedurende lees:*** Bespreek teikengroep, uitleg, emotiewe en manipulerende taal, slag-spreuk, grafiese voorstelling, kleur, lettergrootte, punktuasie en woordeskat. Doel? ***Post-lees:*** Om begrip vas te lê. Evalueer teks aan hand van vereistes – **ABBA**-beginsel. ***Begripsleesoefening****. Vrae volgens kognitiewe vlakke. Sien werkkaart aangeheg. Voltooi aktiwiteit:* ***Werkkaart***	Advertensie – BIC Skryfbehoeftes Werkkaart
	Skryf en Aanbied **Volg skryfproses:** Beplanning, Eerste weergawe, Hersien en Redigeer ***Gedeelde skryf:*** *Begelei leerder… skryf leerder se sinne/idees neer. Verskaf geheuekaarte, skryframe*	**Skryf:** *Advertensie* ***Finale weergawe:*** Proeflees jou finale konsep en lê dit voor aan onderwyser. Versier jul klas!	
	Taalstrukture en Konvensies *Daagliks. Integreer deurgaans met al die vaardighede.*	**Taalstrukture en Konvensies** **Taalfokus 1:** Verlede Tyd ***Werkkaart***	Werkkaart Verlede Tyd https://www.youtube.com/watch?v=exnC8M8LaOE

 AKTIWITEITE VIR DIE OUER	*Volg en/of pas program aan, soos vervat in aktiwiteite vir onderwysers, soos hierbo aangedui.*	**Wenke/Aktiwiteite vir ouers:** ▪Skep 'n leerruimte ▪Bespreek en ontleed advertensies en gee leiding. ▪Maak flitskaarte – moeilike woorde; bespreek in konteks ▪Gaan deur voorgestelde vrae en voeg ook u eie by. ▪Laat leerder ten minste 30-minute per dag lees ▪Gebruik digitale bronne indien moontlik.	Tydskrifte, koerante, advertensies Werkkaarte met aktiwiteite Kartonhouers vir flitskaarte met woordeskat Woordeboek
 AKTIWITEITE VIR DIE LEERDER	**Leerderaktiwiteite:** Uiteensetting van werk. Luister na videogrepe soos lesse ontwikkel. 1. **Luister:** Bestudeer die advertensie/plakkaat; bespreek die.inhoud van teks, o.a. wat jy sien, wat jy dink, waaroor jy wonder en hoe jy voel oor die advertensie. 2. Voorspel, bespreek, ontleed en maak afleidings met verwysing na advertensie. 3. **Lees** –Kyk na en interpreteer inligting op advertensie en evalueer teks aan die hand van ABBA; verwys na tekskenmerke van advertensies en vereistes. 4. Beantwoord die begripsvrae. 5. **Skryf** – Voorlegging van finale produk – versier klas. 6. Maak 'n lys van nuwe woorde wat jy geleer het. Doen daaglikse aktiwiteite soos voorgestel op spelkaart. 7. Doen die **taaloefeninge**. **Taalfokus :** Verlede tyd https://www.youtube.com/watch?v=exnC8M8LaOE		

Die week se Spelwoorde

1	6
2	7
3	8
4	9
5	10

Maandag	Skryf elke woord **3 keer** oor.
Dinsdag	Skryf jou woorde in **ABC- of Alfabetiese** volgorde.
Woensdag	Gebruik elke **woord** in `n **sin**. **Onderstreep** die woord
Donderdag	Skryf elke woord weer **3 keer** neer.
Vrydag	Speltoets.

KWARTAAL 1: WEEK 1 Luister en Praat: **Aktiwiteit 1**

✶ Kom ons kyk nou na nog 'n advertensie. Bestudeer die onderstaande advertensie en bespreek dit aan die hand van die **ABBA**-beginsel.

Advertensies moet...

A = Aandag	Aandag trek. Dit moet interessant wees en maak dat jy daarna wil kyk.
B = Belangstel	Jy stel belang en wil meer uitvind wat in advertensie gebeur.
B = Begeerte	Begeerte laat ontstaan om dit te koop. Jy **WIL** dit hê!
A = Aksie	Jy gaan die produk koop, inskryf vir die kompetisie of funksie bywoon.



✱Dis 'n nuwe skooljaar! Jy het heel waarskynlik 'n paar spliternuwe skoolskoene gekry! Kom ons kyk na hierdie advertensie en bepreek dit aan die hand van die **kenmerke van die advertensie**. Maak gebruik van **"Wat is belangrik by 'n advertensie"-inligtingsblad** om jou te help.



Logo/Naam van die produk

Prentjie van die maatskappy wat die produk maak en adverteer.

_____ ' n Sin wat mense maklik onthou, word ook **slagspreuk** genoem.

Boodskap

Wat _____ die advertensie vir jou?

_____ Prent wat gebruik word

_____ Besonderhede van kompetisie

Oorredende of manipulerende taal

Jy is oortuig dit is 'n _____ produk en wil dit hê.

1. **Wat** word in die advertensie geadverteer? _____
2. **Wie** is die **teikengroep** van hierdie advertensie? _____
3. **Waarom** is party woorde met **groter letters** geskryf? _____

   _____
4. **Wat** moet jy doen om vir hierdie kompetisie **in te skryf**? _____

   _____

KWARTAAL 1: WEEK 2 Lees en Kyk: **Aktiwiteit 2**

✶ Bestudeer die onderstaande advertensie en bespreek dit aan die hand van die **ABBA**-beginsel. Beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

*(*Trek dit **A**andag, wek dit **B**elangstelling, ontstaan die **B**egeert om die produk te koop of aan kompetisie deelneem. sal jy tot **A**ksie oorgaan?)*

WOORDESKAT

1. **teikengroep**	A. Prentjie van maatskappy wat advertensie plaas.
2. **slagspreuk**	B. Wat moet advertensie vir mense sê.
3. **produk**	C. Die mense op wie advertensie gemik is.
4. **logo**	D. Kort sin wat maklik is om te onthou in 'n advertensie.
5. **boodskap**	E. Iets/dinge wat gemaak word om verkoop te word.

Benoem nou die **dele** van die **teks**, soos bespreek in die **woordeskat**.

S_____k

L_____

T_____

P_____k

B_____p

Belangrike

i _____

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 15 Desember 2011]

Beantwoord nou die volgende vrae: **Soeklees vir die antwoorde in die teks.**

1. Wie is die **teikenmark** van die advertensie? _____

2. Watter **produk** word hier geadverteer? _____

   _____

3. Watter **maatskappye** (kyk mooi daar is 2), wil help om die toekoms van kinders te verbeter?

   _____

4. **Wat** is die **slagspreuk** van die advertensie?

   _____

5. **Waar** sal mense wat vir die kompetisie wil inskryf, **meer inligting** kry?

   _____

6. **Wanneer** is die **sluitingsdatum** van die advertensie?

   _____

7. **Hoeveel** wenners kan elkeen 'n kontantprys wen? _____

8. **Kies die regte antwoord:** Wat is die betekenis van die onderstaande uitdrukking:

   BIC sit die mag in kinders se hande.

   A Kinders moet na hul ouers luister.

   B Kinders kan self besluit wat hulle eendag wil word.

   C Kinders moet kyk wat ander doen en besluit wat hulle eendag wil word.

9. **Waaruit** kan mens **aflei** dat die **seuntjie** wat in hierdie advertensie verskyn, **groot drome** het?

   _____

10. **Omkring** die **regte** antwoord:

    READ is 'n maatskappy wat leesprogramme ontwikkel. Hul **logo** verskyn ook in die advertensie, omdat hulle (skryfbehoeftes verkoop / BIC se projek ondersteun).

KWARTAAL 1: WEEK 2 Skryf: **Aktiwiteit 3**

✶**Finale weergawe:** Proeflees jou finale weergawe en maak seker dat daar geen spelfoute is nie. Is jou plakkaat kleurvol? Julle kan nou die inligting gebruik en jul klas versier!

vou vou

Alles Oor My

My naam:_____

My verjaarsdag:_____ My ouderdom:_____

My Gunsteling...

Vak:_____

Kos:_____

Stokperdjie:_____

Dier:_____

My Self-Portret

KWARTAAL 1: WEEK 2 Taalstrukture en Konvensies: **Aktiwiteit 4**

✻ Kyk eers na die **videogreep** oor **die verlede tyd**. **Alternatiewelik**, kan jy die onderstaande inligting **bespreek**; **hersien** egter eers leerders se vorige kennis oor **werkwoorde**.

Verlede Tyd: https://www.youtube.com/watch?v=exnC8M8LaOE

Uitdaging! Kan jy die sinne in die **toekomende** tyd skryf? Kyk eers weer na die video, as jy kan!

----------EINDE!